DEEL 118 | WEEK 20 | 15 MEI 2026 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Stygende kostes knou boere in moeilike 2026-seisoen

Vir baie boere in die Heilbron- en Frankfort-omgewing voel die 2026-plantseisoen soos 'n geveg teen tyd, weer en stygende kostes. Waar lande eintlik reeds al gestroop moes wees, sit talle boere steeds vas weens nat toestande ná laat reën, terwyl dieselpryse en produksiekostes boerdery al hoe duurder maak. Vir sommige boere hardloop tyd, veral by sojabone, gevaarlik vinnig uit.

'n Bekende boer van die Heilbron- en Frankfort-distrik, verduidelik dat toestande oor die algemeen nie té sleg lyk nie. Volgens hom begin baie boere reeds stroop en weer toegang tot hul lande kry, veral in die sandgronde.

Die oes is nie swak nie, maar dit is ook nie 'n rekordoes soos verlede jaar s'n nie.

Een van die grootste uitdagings waarmee produsente tans sit, is die skerp styging in dieselpryse. Waar boere verlede jaar ongeveer R17 per liter diesel betaal het, betaal hulle vanjaar gemiddeld sowat R33 per liter — 'n verskil van R16 per liter.

"'n Stroper gebruik maklik tussen 500 en 600 liter diesel per dag. Dit beteken 'n boer betaal omtrent R8 000 meer per dag net aan diesel," verduidelik hy.

Nog 'n groot bekommernis vir produsente is die voorspelde Super El Niño-verskynsel vir die nuwe seisoen. Saam met die toenemende insetkoste laat dit baie boere twee keer dink voordat hulle besluit om volgende jaar weer te plant.

Ten spyte van die uitdagings bly boerdery egter vir baie 'n roeping. Boerdery is maar 'n dobbelspel, maar uiteindelik bly elke oes en elke seisoen 'n genadespel.










# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Kinderversorgersweek vier die harte agter jeugsorg

• *Elmarie Els-Hammann*

Kinderversorgersweek word van 5 tot 11 Mei 2026 landswyd gevier om erkenning te gee aan die ongelooflike werk wat Kind- en Jeugsorgwerkers daagliks verrig. Hierdie week dien as 'n herinnering aan die belangrike rol wat hierdie professionele persone speel in die lewens van kwesbare kinders en jongmense. Kind- en Jeugsorgwerkers is baie meer as net toesighouers. Hulle bied veiligheid, stabiliteit, leiding en emosionele ondersteuning aan kinders wat dikwels trauma, verwaarlosing, mishandeling of verlies beleef het. In jeugsorgsentrums word dikwels die veilige hawe waarna kinders smag — die persoon wat luister, aanmoedig en weer hoop gee.

Die werk van 'n Kind- en Jeugsorgwerker behels baie meer as net die versorging van basiese behoeftes. Hulle help kinders met huiswerk, ontwikkel lewensvaardighede, ondersteun emosionele groei en leer kinders hoe om gesonde verhoudings te bou. Hulle staan kinders by tydens moeilike hofprosesse, traumatiese ervarings en uitdagende oorgange in hul lewens. In jeugsorgsentrums werk hierdie persone dikwels lang ure, ook saans, oor naweke en gedurende vakansies, om seker te maak dat kinders altyd veilig en versorg is. Hulle tree op as mentors, rolmodelle en ondersteuningsfigure vir jongmense wat soms niemand anders het om op staat te maak nie.


Baie van hierdie werk gebeur stilweg agter die skerms. Tog maak elke gesprek, elke bemoedigende woord en elke daad van omgee 'n blywende verskil in 'n kind se lewe. Kind- en Jeugsorgwerkers help om selfvertroue te bou, trauma te genees en kinders voor te berei vir 'n beter toekoms. Kinderversorgersweek is daarom nie net 'n viering van 'n beroep nie, maar 'n erkenning van mense met groot harte wat daagliks kies om ander eerste te stel. Hulle werk vra geduld, empatie, deursettingsvermoë en 'n diep passie vir kinders se welstand. Gemeenskappe was aangemoedig om gedurende 5 tot 11 Mei 2026 stil te staan en waardering te toon teenoor elke Kind- en Jeugsorgwerker wat 'n verskil maak. Hulle is die mense wat hoop herstel, vertroue bou en jong lewens help vorm — een kind op 'n slag.

Met hierdie spesiale week wil die personeel en kinders van Ringerstraat Jeugsorgsentrum ook graag hul nuwe Kind- en Jeugsorgwerker, Eunice Mokoena, aan die gemeenskap voorstel.



Eunice het in Februarie 2026 by die sentrum aangesluit en het reeds 'n positiewe indruk gemaak met haar deernis, geduld en passie vir kindersorg. Haar liefde vir die werk en haar hart vir jongmense dra daartoe by dat kinders veilig, gehoor en waardevol voel. Die sentrum verwelkom haar hartlik as deel van die span en sien uit na die verskil wat sy in die lewens van kinders en jongmense sal maak. Neem ook kennis van die nuwe nommer van Ringerstraat Jeugsorgsentrum - 076 115 6063.

## UIT DIE PEN: *Week 20*



Die heel eerste e-pos is in 1971 geskryf. Ray Tomlinson, 'n rekenaarfundi, het 'n stelsel geskryf waar mense vir mekaar boodskappe kon stuur.

In 1982 is hierdie proses gestandardiseer, en SMTPs word gebruik (Simple Mail Transfer Protocol). In die 1990s ontplof die e-posfunsionaliteit: almal begin per e-pos kommunikeer en spesifieke e-posvoorsieners soos Webmail, Gmail en Hotmail sien die lig. Vandag is daar seker net 'n handvol mense wat nog nooit van 'n e-pos gehoor het of dit gebruik het nie.

Dit was 'n week vol koue, reën, winde, storms en snaakse e-posse. Ek kry die volgende:

"My kleinkind wil haar eksamen in Durban skryf. Groete. Mavis."

Skitterend, dink ek. Ons het darem een naam om mee te werk, al is dit die ouma se naam. As iemand so in die middel van 'n storie begin praat, vra ek gewoonlik om die frases te herhaal wat in jou brein was voordat jy met die middel van die storie begin het. Hierdie keer het ek nie. Ek skryf eerder terug:

"Goeiemiddag, Mavis.

Dankie vir jou e-pos. Wees asseblief so gaaf om aan my meer besonderhede te verskaf, sodat ek jou beter kan help.

Vriendelike groete."

*Ditsem*, dink ek. Hopenlik sal ek ouma Mavis nou kan help. Ek kry die volgende e-pos:

"Goeiemiddag. Haar naam is Elbie en sy wil graag in Durban gaan eksamen skryf."

Nou, ja. Dink ek. Dit skakel darem die manlike bevolking uit, indien my hipotese dat Elbie 'n meisienaam is, aanvaar kan word. Dit skakel ook almal uit met name soos Sannie, Anna, Marie, Janine, Kayla, Bettie en Christa.

"Goeiemiddag, Mavis.

Dankie vir jou e-pos (want ek hou van e-pos-etiket).

Na watter eksamen verwys jy en waar is Elbie geregistreer?

Vriendelike groete."

Nou sal ek sekerlik kan uitvind hoe ek vir ouma Mavis kan help, glo ek. Ek ontvang die volgende e-pos:

"Goeiemiddag. Elbie wil die finale eksamen skryf en sy wil in Durban geregistreer wees."

Jy help my nie, ouma Mavis, jy help my niks nie.

"Goeiemiddag, Mavis.

Dankie vir jou e-pos. (Ek voel al hoe minder dankbaar).

Help my asseblief sodat ek vir jou en vir Elbie kan help. Ek benodig meer besonderhede oor Elbie. Verwys jy na die finale matriekeksamen? By watter skool is sy geregistreer? Waar is sy geallokeer? Kan jy asseblief haar ID nommer aanstuur?

Vriendelike groete." (Ek wou dit nie eintlik skryf nie)

Ouma Mavis se *pennie het gedrop*, glo ek.

"Goeiedag. Elbie is nou in matriek. Is daar 'n ander eksamen as die finale eksamen?"

Ja, ouma Mavis, daar is 'n hele *gros* eksamens voordat die finale eksamen geskryf word. Daar is, net in matriek, die Maarteksamen (sommige skole skryf dit nie, maar ons skole skryf dit wel), daar is die Junie-eksamen. Daarna is dit die voorbereidende eksamen. Teen Oktober begin die matrikulante hulle finale eksamen. Onthou asseblief om Elbie se ander besonderhede ook aan te stuur.

*Vrien-de-lik-e-groe-te*

(wil ek skryf)."

"Goeiemiddag. O, ek het nie geweet nie. Ek dink dit is die finale eksamen."

Goed, dink ek, nou het ons darem die ander drie eksamens uitgeskakel.

"Goeiemiddag, Mavis.

Gee asseblief vir my die volgende besonderhede. Daarsonder sal ek jou nie kan help nie.

Volle name, van, ID nommer, skool, waar moet sy gaan eksamen skryf en waar wil sy gaan eksamen skryf.

Groete."

As dit nie werk nie, weet ek nie. *I pack my case*. Ouma Mavis stuur haar e-pos:

"Ella Betina Schoeman, 0805090123089, Leersame Skool, Amanzimtoti, Durban."

Dankie, ouma Mavis. Dit nou glad nie in 'n gebruikersvriendelike vorm nie, maar ek kan hiermee werk.

Kommunikasie per e-pos is so gerieflik en vinnig. Maar dit moet aan sekere vereistes voldoen.

Begin met 'n aanhef. Of jy "goeiedag" of "hallo" wil gebruik, maak nie saak nie. Moenie net heel eerste met 'n sin begin nie. Dis net ongeskik.

Sommiges skryf dan 'n sin oor die persoon se welstand. Iets soos: "Ek hoop dit gaan goed." Jy hoef dit nie by te voeg as jy nie wil nie. Dit klink net soveel beter.

Daarna begin jy met die versoek. Gee soveel as moontlik inligting sodat jou versoek of jou navraag so volledig as moontlik beantwoord kan word.

Kyk aan wie jy hierdie e-pos rig. Indien jy 'n afspraak wil maak, stuur jy gewoonlik nie 'n e-pos na die e-posadres vir klagtes nie.

Gebruik meer as een paragraaf indien moontlik. Wanneer jy klaar geskryf het, lees jou e-pos en maak seker dat dit sin maak. Moenie soos ouma Mavis wees nie.

Wens die persoon 'n goeie dag toe en noem dat hulle met jou kan skakel indien daar enige ander inligting is wat hulle nodig het. En al voel jy nie so nie, eindig met iets soos "vriendelike" groete en jou naam.

Ek het hierdie week geleer dat daar steeds ouma Mavisse is wat dink jy weet presies wie Elbie is en dat sy eerder in Durban wil gaan eksamen skryf.

Dalk moet ons net met meer aandag skryf.

## DA calls for sustained water supply and long-term solutions in Koppies Extension 5

*by Cllr. Carina Serfontein - DA Councillor Ngwathe Local Municipality*

The Democratic Alliance (DA) will submit formal follow-up questions to the Ngwathe Local Municipality and escalate the matter through Council oversight to ensure the implementation of sustainable, long-term water solutions in Koppies Extension 5.

We note that running water was restored to parts of Koppies Extension 5 on 24 April 2026, following the DA's call for urgent solutions on 22 March 2026. This development came more than a month after the DA formally called for intervention, and only after sustained pressure was applied. While the restoration of water is welcomed, it is clear that this was a reactive response, rather than the result of proper planning and consistent service delivery by the Ngwathe Local Municipality.

Residents of Koppies Extension 5 have endured unreliable or no access to running water for more than three years. The fact that water can be restored under pressure confirms that solutions are possible, but they are not being implemented proactively.

Access to water is a basic human right, not something that should depend on political pressure or crisis response.

**The DA calls for:**

• Sustained and reliable running water supply.

• Immediate implementation of long-term, permanent solutions.

• Proper maintenance of infrastructure and equipment.

• Clear, consistent communication during water outages, including contingency plans.

• The events between 22 March and 24 April clearly demonstrate that pressure was needed to prompt action.

• Residents cannot continue to live in a system where services are only delivered after intervention and public pressure.

• The DA will continue to fight for consistent, dignified and reliable service delivery for all residents.

# Warm vriendskappe op yskoue dag tussen Heilbron en Petrus Steyn gesmee

Vir die vierde agtereenvolgende jaar het die gemeenskappe van Heilbron en Petrus Steyn hul jaarlikse sosiale interdorp-rolbalbyeenkoms aangebied – 'n tradisie wat vinnig besig is om 'n gewilde instelling tussen die twee dorpe te word.

Altesaam 15 spelers van elke klub het aan die dag se verrigtinge deelgeneem. Ten spyte van die yskoue weer, was die atmosfeer gevul met warmte, lag en goeie geselskap, waar nuwe vriendskappe gesmee en bestaande bande versterk is.

Petrus Steyn, onder leiding van Carien Bosman, het die besoekende span van Heilbron behoorlik bederf met heerlike eetgoed uit die boonste rakke. Die lekker kuier en gasvryheid het gesorg vir 'n onvergeetlike dag vir almal teenwoordig.

Op die baan het Sonja, Awie en Rosemary uitstekend presteer en as die dag se beste spelers uitgestaan. Hul goeie spel en sportmangees het groot byval by deelnemers en ondersteuners gevind.

Die interdorp-dag bewys jaar ná jaar dat sport nie net oor wen gaan nie, maar ook oor gemeenskap, vriendskap en saamkuier.




*Op die foto vl: Hans Bester, Pieter Kühn en Phillip Fourie.*



*Op die foto vl: Rose Broodryk, Awie de Beer en Sonja Muller.*



*Op die foto vl: Hannalie Claassen, Sarina Meiring en Oubaas.*



# Bronnies Kleuterland bederf mammas vir Moedersdag

By Bronnies Kleuterland is Moedersdag vanjaar op 'n besondere en hartroerende wyse gevier toe mammas en hul kleuters Vrydag, 8 Mei, saam 'n oggend van liefde en bederf geniet het.

Die perseel was gevul met laggies, geselsies en kosbare oomblikke terwyl mammas bederf is met heerlike verversings, waaronder smaaklike quiches en ander lekkernye.





Een van die hoogtepunte van die oggend was die kreatiewe aktiwiteit waar mammas en hul kleuters saam armbandjies gemaak het — 'n spesiale herinnering aan 'n onvergeetlike dag.

Die viering het nie net gefokus op pret en saamkuier nie, maar ook op die belangrike rol wat mammas elke dag in hul kinders se lewens speel. Die oggend was 'n mooi huldeblyk aan die liefde, opoffering en ondersteuning wat moeders daagliks gee.

Met glimlagte op almal se gesigte is die dag afgesluit as 'n ware viering van die besondere band tussen moeder en kind.















# DA Demands Urgent Intervention as Heilbron Graveyards Left to Rot





The Democratic Alliance in Heilbron, is deeply concerned and profoundly disappointed by the Ngwathe Local Municipality's continued failure to maintain the graveyards in Heilbron, sacred resting places for the ancestors of this community that have been left in a state of total neglect. This includes the graveyards serving the areas of Sandersville and Phiritona, both of which have been abandoned without any meaningful upkeep.

This matter was formally reported to the municipality as far back as early last year. To date, residents have received no meaningful assistance, no plan, and no clarity on when this situation will be resolved. This is unacceptable.

These graveyards are not simply pieces of open land. They are where the forefathers of our community rest. To allow them to deteriorate to the point where they resemble dumping sites is a profound act of disrespect to the families of those buried there and to the broader community of Heilbron. For those of us who hold Ubuntu close to our hearts, this neglect is not only a failure of service delivery, it is a violation of our dignity.

The municipality employs workers whose function includes exactly this kind of maintenance work. Furthermore, EPWP beneficiaries funded through the municipality are deployed for cleaning across the area. Yet the graveyards in Sandersville and Phiritona continue to be ignored. The DA asks: how is this fair to the people of Heilbron?

As the DA representative in Phiritona, I have conducted an oversight visit to these graveyards and have followed up on this matter on multiple occasions. I will be writing formally to the Municipal Manager to demand a clear plan and an urgent way forward on how this situation will be addressed. The community deserves answers, and those responsible must be held accountable.

The Democratic Alliance will not stand by while the resting places of our forefathers are treated as an afterthought. We are the voice of the residents, and we will continue to fight for what is right.

# Reitz Hengelklub Nuus

Op Saterdag, 2 Mei 2026 het Reitz Hengelklub 'n kompetisie gehengel by Driehoek-pan vanaf 09:00 tot 16:00. 15 Hengelaars het deelgeneem



*Op die foto is Dian van Niekerk met die grootste volskub van 1,920 kg.*

Dian van Niekerk het die grootste volskub karp van 1,920 kg gevang.

Rudi Smit het die swaarste sak vis van 11,370kg gevang.

# Julia gradueer met onderskeiding



Julia Kruger, eggenote van Heinrich Kruger en dogter van Damie Stemmett en Driekie Els het op 14 April haar Bachelor of Education in Wiskunde vir Senior en Verdere Onderwys en Opleidingsfase met onderskeiding aan die Noord-wes Universiteit ontvang.

Sy het haar studies in 2022 begin en volg trots in haar oupa Dirk Claasen, oud-inwoner van Heilbron, se voetspore as Wiskunde onderwyser.

Julia het al van jongs af 'n passie vir Wiskunde gehad en gee tans Wiskunde-ekstraklasse van die huis af.

HEILBRON
landbou agriculture

## VELDBRANDE

• ***Heilbron Landbou***

Dit is alweer wintertyd en ongelukkig die tyd waarin veldbrande ontstaan. Boere/grondeienaars moet asseblief vroegtydig voorsiening maak om voorbrande, brandpaaie ens. te maak om die risiko te verminder.

(Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998
(Wet No 101 van 1998)

Maak ook seker dat daar om werkershuise en ander geboue waar brande nog kan ontstaan, voorsorgmaatreëls getref is om brande te voorkom.

Versuim om gevolg te gee aan die bepalings van die Wet kan aanleiding gee tot siviele aanspreeklikheid.

# Cruise for a Cause 2026!




Ondersteun 'n goeie doel én staan die kans om 'n droomvakansie te wen! Vir slegs R50 per kaartjie kan jy dalk 'n MSC Armonia vaart vir twee na die Portugese Eiland wen — alles ingesluit ter waarde van R23 000.

Jou donasie help kinders in jeug- en sorgsentrums, behoeftige families, bejaardes en mense met gestremdhede deur Engo Free State.

**Kompetisie sluit:**
30 September 2026
**Wenner aangekondig teen:**
23 Oktober 2026

Kontak Elmarie by 079 599 4135 of Connie by 060 572 8230 om jou kaartjie te koop.

Koop 'n kaartjie, ondersteun 'n goeie doel en dalk vaar jy Desember weg op 'n droomvakansie!

# KENNISGEWINGS

**ESTATE NOTICE (21 days)**
In the estate of the late:
**SANDRA VAN DER WESTHUIZEN**
Identity Number: **590301 0103 08 3**
Born: **1959-03-01**
Died: **2024-06-20**
Of last address: **1 Smuts Street, Petrus Steyn**
and surviving spouse (only if married in community of property): N/A
Identity number:
Born:
**Estate Number: 4800/2024**
The FIRST AND FINAL LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT (unless otherwise mentioned) in the above-named estate will be open for inspection to all persons interested therein for a period of twenty one (21) days at the Master's Office
BLOEMFONTEIN
and a copy thereof at the Magistrate's Office
PETRUS STEYN
For a period of twenty one (21) days from 2026-05-14
Name and address of executor or agent:
**CHARL JOHANNES STANDER, EXECUTOR**
**31 FIRST AVENUE, WESTDENE,**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**TEL NR: 051 4303874**
**DATE: 2026-05-07**


**NOTICE TO CREDITORS**
In the Estate of the Late
**NKOSAZANA MARY MOSHOALIBE** with **Identity Number 600921 0055 08 8,** unmarried(widowed), born on 18 July 1961 and who died on 08 December 2024 who normally resided at House 975, Petsana, Reitz 9810.
**ESTATE NUMBER: 1580/2025.**
All persons having claims against the abovementioned Estate are hereby called upon to lodge their claims with the executor with the details hereunder within a period of 30 (Thirty) days from the date of publication hereof.
**THEO ENGELBRECHT ATTORNEYS INC.**
**34 VAN DER MERWE STREET,**
**BARBERTON, 1300**
**E-MAIL: theo@teprok.co.za**
**TEL: 083 363870**
**REF: EL/MOSH/0001B**




**POSTNET**
HEILBRON

**BESIGHEIDSURE**
*Maandae - Vrydae:*
*08:00 -16:30*
*Saterdae: 09:00 -12:00*

*Elsstraat 42, Heilbron*
*Tel: 058 853 0006*




# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald
Office National

**SELF-INKING DATER STAMPS**

**SELF-INKING STAMPS**

Herald
Office National

Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033





Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Herald
Office National




# SMALLS

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD Sport

# Leonard maak dit 13 titels, Broodryk beïndruk

Die afgelope Saterdag se gholf by die Heilbron Gholfklub het vir opwindende spel en besondere prestasies gesorg.



*Johan du Plessis oorhandig die trofee aan Jackie Leonard, wenner van die Heilbron Klubkampioenskappe. Du Plessis het die klubkampioenskap self elf keer gewen en is vereer met die oorspronklike trofee ná sy tiende agtereenvolgende oorwinning. Hy het daarna die huidige trofee aan die klub geskenk – 'n replika van die bekende Million Dollar Gholftoernooi-trofee wat destyds by Sun City ontstaan het.*

Johan Broodryk het die maandbeker ingepalm en sodoende sy eerste oorwinning in dié kompetisie behaal. Hy het sy sege verseker met 'n uitstekende tweede rondte van 41 houe, wat hom stewig bo die res van die veld geplaas het.

Intussen het Jackie Leonard weer sy naam in die klub se geskiedenisboeke bevestig deur die Heilbron Klubkampioenskappe vir die 13de keer te wen. Sy volgehoue sukses getuig van jare se toewyding en uitnemendheid op die baan. Die trofee is aan Leonard oorhandig deur oom Johan du Plessis, self 'n legendariese figuur by die klub. Du Plessis het die klubkampioenskap altesaam elf keer gewen, en sy merkwaardige rekord van tien agtereenvolgende oorwinnings staan steeds. Leonard is tans op 'n indrukwekkende lopie van nege agtereenvolgende titels.


Die klub sien nou uit na die Chief's Achaar Gholfdag wat op 23 Mei 2026 aangebied word. Die formaat vir die dag is best drive – better ball, met groot pryse wat op die spel is.

Die inskrywingsfooi beloop R400 per speler en sluit ontbyt, middagete, aandete asook vermaak in. Bekende kunstenaar JP Steenkamp sal regstreeks optree, terwyl spelers en gaste ook 'n heerlike spitbraai kan geniet. Die dag beloof om nie net uitstekende gholf nie, maar ook 'n gesellige sosiale geleentheid vir die hele gemeenskap te wees.



*Johan Broodryk (links) neem sy eerste maandbeker in ontvangs van Rikus van Rooyen, huidige klubpresident van die Heilbron Gholfklub. Dit is Broodryk se eerste maandbeker en kan moontlik die begin wees van nog vele trofeë op sy rak.*




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 18 MEI 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 19 MEI 2026
OHRIGSTAD: ESTMENT FARMING
BRONRICH BONSMARA VEILING
11:00, plaas Bronrich
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

MEMEL DISTRIK: ALS BOVELDER
PRODUKSIE VEILING
11:00, plaas Mizpah
Kontak JD Steyn 072 877 6984

WOENSDAG - 20 MEI 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

DONDERDAG - 21 MEI 2026
MOOIRIVIER: GLACIER INVESTMENT
(DANIE STEYN)
IMPLEMENTE VEILING
11:00, Forest Lodge
Riaan Ferreira 082 372 9454

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 22 MEI 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za




VIR DIE BEMARKING VAN
U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE
VAN ONS BEMARKERS
VIR U KRAAL BESPREKING

WINKELURE
Maandae tot Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae:
07:30 - 16:30
Saterdae:
08:30 - 13:00
Herald Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za